

Die Protea-kaptein, Graeme Smith, en sy vrou, die Ierse sanger en liedjieskrywer Morgan Deane, wat op 6 Augustus in Nuweland getroud is.

'Wilde' wittebrood is 'n wenner

Johannesburg. – Hoewel die Protea-krieketkaptein, Graeme Smith, en sy Ierse bruid, Morgan Deane, eers twee weke ná hul troue met wittebrood vertrek het, het die paartjie hul blitswegbreek na die Mala Mala-wildtuin in Mpumalanga terdeë geniet.

Smith het die naweek getwiet oor die "ongelooflike paar dae" saam met sy nuwe vrou.

Die Smiths is op 6 Augustus in die Rooms-Katolieke kerk St. Bernard in Nuweland, Kaapstad, in die huwelik bevestig.

Smith het Vrydag eers die SAB-borgskapgeleentheid in Johannesburg bygewoon voordat die paartjie met hul wittebrood kon vertrek.

Morgan het Vrydag getwiet dat haar wittebrood met 'n "*roadtrip*" begin.

Smith het eergister getwiet: "Ongelooflike paar dae saam met my vrou by Mala Mala . . . Wildbesigtiging was ongelooflik!"

Die Mala Mala-wildtuin is in die Sabi Sand-reservaat by die Krugerwildtuin.

Albei het ook nuwe troufoto's met hul aanhangers op Twitter gedeel.

Morgan het gister die Kaapse troufotograaf Greg Lumley bedank omdat hy die paartjie se troudag vasgevang het.

Die wittebrood is kortgeknip omdat die Suid-Afrikaanse gekontrakteerde groep saam met 'n paar A-span-spelers tot Vrydag 'n oefenkamp by die Arabella-hotel naby Kleinmond bywoon.

Henko Roukema van Durbanville (vierde van links) en sy spanmaats is in Nunavut in Kanada as deel van die ontdekkingsreisiger Mike Horn se jeug-ontdekkingsreis. Foto: DMITRY SHAROMOV

Jong Kapenaar kuier by Eskimo's in Kanada

LIZE SWARTZ
Kaapstad

'n Jong Kapenaar ontdek tans die noordelike dele van Kanada nadat hy gekies is om saam met 'n bekende ontdekkingsreisiger na die Inuïet-gemeenskappe in dié gebied te reis.

Henko Roukema (18) van Durbanville is een van agt jong mense wat sedert 14 Augustus saam met die ontdekkingsreisiger Mike Horn die ysige toestande in die noorde van Kanada aandurf.

Die jong mense uit lande soos Suid-Afrika, Switserland, Pole, Oostenryk en Duitsland besoek die Nunavut-streek in Kanada as deel van Horn se jeug-ontdekkingsreis, die Young Explorers Expedition (YEE). Die doel is om inheemse Inuïet-gemeenskappe en die gebied waarin hul woon beter te leer ken.

Roukema was in Junie by 'n avontuurkamp op die dorpie Chateaux d'Oex in Switserland, waar hy vir die ekspedisie gekies is.

Die span het pas 'n staptog van vier dae oor 'n gletser voltooi nadat hulle op Horn se boot, die Pangaea, tussen ysberge geseil het. Roukema, wat 'n dagboek in die vorm van 'n blog hou, het op die YEE-webtuiste geskryf hy en die span het die kans gekry om op 'n ysberg te staan.

Hy het ook 'n ysbeer gewaar. "Ek het nie gedink ek sou ooit 'n regte ysbeer kon sien nie," het hy geskryf. "Hierdie is waarlik die kans van 'n leeftyd."

Roukema moes homself deeglik voorberei vir die avontuur en het in die weke voor sy vertrek daagliks ure se fisieke aktiwiteite soos swem, fietsry, bergklim en hardloop gedoen.

Hy het ook in ys gebad om homself gewoond te maak aan die ysige temperature in die gebiede wat hy sou besoek.

Roukema, wat maritieme studies aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (KSUT) studeer, neem gereeld deel aan kompetisies in ysige water, soos die Cadiz-swemkompetisies en die Speedo Africa Ice Swim naby Fraserburg.

Hy keer op 4 September terug na Suid-Afrika.

MILLENNIUM-TRILOGIE

Nuus oor Larsson se vierde boek verras

Vriend sê hy het manuskrip kort ná skrywer se dood gesien

ELMARI RAUTENBACH
Kaapstad

Stieg Larsson

Nie net is daar 'n vierde Stieg Larsson-boek nie – die boek is sowat 70% klaar, spog met die tweelingsuster van die kuberkraker Lisbeth Salander as een van die hoofkarakters en speel af tussen Swede, Ierland en Amerika.

Dié bom het vandeesweek by Edinburg se Internasionale Boekefees geval.

Kurdo Baksi, 'n oudkollega en goeie vriend van Larsson – van wie se *Millennium*-trilogie meer as 30 miljoen eksemplare verkoop is – het sy memoires, *Stieg Larsson My Friend*, by die fees bespreek.

Baksi het onthul Larsson se lewensmaat van amper 30 jaar, Eva Gabrielsson, het hom die manuskrip kort ná Larsson se dood gewys.

Larsson is in 2004 onverwags aan 'n hartaanval dood nadat hy sy drie manuskripte by sy uitgewer ingehandig het.

Baksi se onthulling oor 'n vierde boek was 'n groot verrassing. Gabrielsson het kort tevore op BBC4 die bestaan van 'n vierde boek ontken. Dit was ondanks 'n aankondiging van Larsson se broer en pa dat 'n onvoltooide manuskrip op Larsson se rekenaar ontdek is.

Die familie het beheer oor Larsson se boedel gekry (kragtens Sweedse reg is 'n ongetroude lewensmaat op niks geregtig nie), en Gabrielsson verkwalik hulle bitterlik daaroor. Sy het beweer wat die familie gekry het, kan kwalik as 'n manuskrip beskou word. Die rekenaar is sedertdien glo soek.

Gabrielsson – wat haar memoires saam met Larsson geskryf het – is ook boos omdat Baksi se boek die Sweedse joernalis en tydskrifredakteur uitbeeld as " 'n slordige joernalis" wat fiksie soms bo feite stel. Sy het gesê dit is "pure laster".

Baksi is in Koerdistan gebore en is 'n wenner van die Olof Palmeprys. Hy en Gabrielsson was vriende, maar sit weens die onmin nie meer langs dieselfde vuur nie.

"Ek het Stieg se broer goed geken. Ek voel deel van die familie . . . Hoe kan ek nou nie vir die familie hallo sê nie?"

Baksi het ook gesê Gabrielsson was nie die enigste vrou in Larsson se lewe nie. "Hy't sy oomblikke gehad. Ek het vier van hulle ontmoet. Stieg . . . hy het 'n goeie lewe gehad."

Pops-konsert gaan 'n grote wees

LIESEL PIENAAR
Kaapstad

Die tiende *Die Burger Pops*-konsert op 16 Oktober in die Kunstekaap ten bate van Die Burger-Kersfonds gaan 'n uitsonderlike *Big Band*-ervaring met 'n sterk Kaapse geur wees.

Die Suid-Afrikaanse Polisie-orkes sal die musiek verskaf.

Volgens Mia Breet, die konsertregisseur wat die tema geïnisieer het, was André Schwartz se *Big Band*/swing-album *12 Plus 1* haar inspirasie.

Die Kaapse kunstenaars wat gaan optree, is Hilandi du Toit, Nedine Blom, Zanne Stapelberg, Madeegha Anders (Mary Afrika in die oorspronklike *District Six* en die eerste vrou van Taliep Petersen) en hul dogter, Jawaahier Petersen.

Die ander kunstenaars is André Schwartz, Sarah Theron, Rocco de Villiers, Lize Beekman, Chad Saaiman, Johnny Davids, die Guguletu-tenore, Elle Amor, Adam en Satisfaction.

Die vertonings is om 14:00 en 19:00 teen R80, R150 en R220 per kaartjie. Daar is 'n gesinspakket vir die middagvertoning teen R500 vir twee volwassenes en twee kinders onder 12, en 'n BBP-pakket van R350 per persoon wat 'n onthaal insluit.

Daar is 'n afslag van 10% vir Die Burger/b-Smartkaarthouers, blokbesprekings, pensioentrekkers en studente.

Bespreek by Computicket of by die Kunstekaap se Bel-'n-sitplek by ☎ 021 421 7695.

maak só 'n bydrae

Die Burger se Kersfonds is ten bate van Die Burger-strandhuis in Mutzenberg en die liefdadigheidsorganisasies Badisa, Mfesane en die ACVV.

Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy 'n gekruiste tjek aan Die Burger-Kersfonds by Posbus 3922, Kaapstad 8000 stuur of 'n bank- of internet-inbetaling in Die Burger-Kersfonds se Absa-bankrekening maak. Die rekeningnommer is 360 220 230 en die takkode is 312 109. Bevestig jou inbetaling deur jou naam en kontaknommer na ☎ 086 531 4366 te faks, 'n e-pos aan liesel.pienaar@dieburger.com te stuur of ☎ 021 406 2819 of ☎ 083 456 4625 te bel. Alle bydraes word in *Die Burger* erken.

Top-sjefs help geld insamel vir voedingskemas in SA

ANNELIE MARÉ
Kaapstad

Wêreldklas-kookvernuf en eksotiese smake van egte Indiese kerries tot Tsjeggiese vleisgeregte, sop en kluitjies word vandeesweek landwyd ingespan om geld vir Suid-Afrikaanse voedingskemas in te samel.

In die Moederstad sal 'n groep van 35 sjefs uit agt verskillende lande van vandag tot Vrydag, tussen 10:45 en 17:30, in die ingangsportaal van die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum (Kiks) gratis kookdemonstrasies lewer.

Mnre. Thomas Konopka, Marek Svoboda en Lukas Skala kyk gister watter bestanddele als tot hul beskikking is by die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum (Kiks). Dié Tsjeggiese sjefs, saam met 32 sjefs van ander lande, sal vandag af kookdemonstrasies aanbied om geld vir voedingskemas in Suid-Afrika in te samel. Skala se marionet, sê hulle, is 'n gelukbringer. Foto: EDREA DU TOIT

Al dié harde werk vorm deel van Bidvest se Wêreld-sjeftoer teen Hongersnood. Die organiseerders van dié veldtog hoop om teen die einde van die maand sowat R5 miljoen in te samel.

Van die plaaslike liefdadigheidsorganisasies wat by die toer se opbrengste sal baat vind, sluit in die Akani Diepsloot-stigting, Afrika-kindervoedingskema en Meals on Wheels-gemeenskapsdienste.

Me. Zuzana Albrechtová, 'n sjef van die Tsjeggiese Republiek, het gister vertel hoe sy en haar land se span sjefs daarna uitsien om hul bydrae te lewer.

"Almal moet maar help waar hulle kan. Selfs al kan jy nie 'n groot, dramatiese verskil maak nie, kan ons almal as klein deeltjies van 'n groter prentjie hand bysit," het sy gesê.

Sy en haar kollegas van Indië en die VSA het gesê hulle is ook opgewonde om Suid-Afrika te besoek en hul kookkuns met 'n plaaslike gehoor te deel.

Hoewel elke sjef 'n ander spyskaart en aanbieding beplan, staan een ding vas – almal wat hulle demonstrasies dophou, sal 'n kans kry om hul skeppings te proe.

Toegang tot die week se Kiks-demonstrasies is gratis. Besoekers word aangemoedig om geld te skenk, 'n papier sjefhoed teen R10 aan te skaf of plek te bespreek by die kookkunsfees of gala-aand in Kaapstad.

Besoek www.worldchefstour.co.za vir meer inligting oor onder meer besprekings en skenkingsgeleenthede.

'Dwelms nie oorsaak dat Amy sterf'

Londen. – Die uitslag van toksikologietoetse wys daar was geen onwettige stowwe in die liggaam van Amy Winehouse toe sy verlede maand gesterf het nie, het haar woordvoerder gister gesê.

Daar is wel alkohol gevind, maar daar kon nie vasgestel word of dit 'n rol in haar dood gespeel het nie, het hy in 'n verklaring gesê.

Die Winehouse-gesin wag nog op die uitslag van die geregtelike doodsondersoek, lui die verklaring. Dié ondersoek word in Oktober in Londen voortgesit.

Voor haar dood in Julie het die Grammy-bekroonde sanger 'n geskiedenis van alkohol- en dwelmverslawing gehad en daar is aangeneem dit het 'n rol in haar dood gespeel.

Een verslag het egter 'n familiebron aangehaal wie gesê het die oorsaak is moontlik weens skielike ontrekking van alkohol.

Amy Winehouse Foto: REUTERS

Haar pa, mnr. Mitch Winehouse, het planne aangekondig vir 'n stigting in die ontslape sanger se naam vir jong mense wat sukkel om verslawing te oorkom.

Hy het gesê sy was besig om die verslawing te bowe te kom en dat sy die "gelukkigste in jare" was voor haar dood. – Reuters

S, M, L, XL, XXL Besigheid.
Ons het 'n nommerpas PBX oplossing vir jou.
Vir meer inligting skakel 0800 729 729
Telkom Business

Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
MBA-Opedag
Ons nooi u graag uit om 'n opedag by ons Bellville-kampus by te woon vir 'n bespreking van ons MBA – en ander nagraadse programme.
Kom ontmoet **prof John Powell, die direkteur van die USB**, en hoor watter voordele ons programme en dienste vir jou en jou organisasie inhou.
Woensdag, 31 Augustus 2011
by die
USB, Carl Cronjérylaan, Bellville
Oggendsessie: registrasie begin om 08:20
Laatmiddagsessie: registrasie begin om 17:15
Almal is welkom – voornemende studente, menslikehulpbronpraktisyns, USB-alumni, sake-eienaars, bestuurders en amptenare in die openbare sektor ...
Geen koste. Registreer op ons webwerf
www.usb.ac.za/opendays
of kontak Joanne Sleigh by 021 918 4239 of
mba@usb.ac.za
USB Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
Die wêreld se opsies. Een keuse.
Die enigste bestuurskool van 'n SA-universiteit met twee internasionale akkreditasies - EQUIS en AMBA

VARS AARBEIE STRAWBERRY KING 021 863 3230 PAARL

IS JOU BESIGHEID GEDEK? OUT SURANCE BUSINESS

Cape Dentures
'n Tandheelkundige praktyk toegespits op kunsgebitte
Ons dienste sluit in:
• kunsgebitte • implantate • kroon & brug
• porselein-finering tandbleiking • tandsteurige vullings • mond higiënis • mondskerms (terwyl u wag) ens.
Vroegtydige reëlings verseker 'n kwaliteit gebit dieselfde dag. Mediesefonds tariewe geld.
Park Lane Office Park h/v Alexandra rylaan en Parklaan, Pinelands - langs Vincent Pallotti Hospitaal.
Gratis parkeerplek.
Herstel van kunsgebitte terwyl u wag.
VISA
Tel: 021 511 1992 • e-pos: capedentures@jaywalk.com

WYNbylae
Lees meer oor die wynbedryf o.a.:
• SANJW-wenners en -trofeewenners
• Streek Jongwyn-skoue
• Shiraz en vele meer ..
• Absa 2011 Top 10 Pinotage
Jongwyn SA Young Wines
Om te adverteer, skakel my gerus by die onderstaande kontaknommers.
Marisa Naudé
021 910 6546 / 076 157 3992